# Bybelse inspirasie in die poësie van 'n Hugenoot : A. D'Aubigné

M.J.H. DU PLESSIS

*Departement Frans, PU vir CHO*

*ABSTRACT*

*The origin of the "Tragiques" of Agrippa d'Aubigné is to be sought in the poet's personal involvement in the religious struggle of the late sixteenth century in France. He experiences as a sense of vocation the need to give poetic expression to the struggle as seen from the Huguenot point of view. The "Tragiques", an epic in seven books, portrays not only the historical events, but is also polemical and satirical in nature, where the Catholic Church is represented as the enemy of the nation, the handmaiden of Satan. This reformatory epic therefore has as historical basis the religious wars which have to be interpreted analogically with the experiences of the nation of Israel in the Old Testament. It is an application and interpretation of biblical events in terms of contemporary events. The central theme is the reformatory concept of "... go away, leave Babylon" (Luther), added to the promise of a promised land (the promise to Abraham in Genesis 15). The Huguenot becomes the elect, the one who has to bring the message of salvation, and he is the one who has been granted mercy as the bearer of the Scriptures as the only Way to Christ. In this message the author is like the biblical prophet who has to translate the word into action, and the poetry springs from his own experience in the midst of the struggle.*

Die sestiende eeu en veral die laaste helfte daarvan behoort in alle opsigte nie meer tot die Middeleeue nie. Dit kan moontlik 'n oorgangstydperk, in die kunste ook die Baroktydperk genoem word. Die sestiende eeu is immers die tydperk van die Renaissance, die Hervorming en die geloofsoorloë in Frankryk. Dit bring ons van die Middeleeue tot die Klassisisme van die sewentiende eeu. Maar hierdie oorgang van Middeleeue tot Renaissance is 'n geleidelike verandering: mens kan maar net 'n Rabelais en 'n Marat lees om te sien hoeveel van die Middeleeue nog voortbestaan. Met D'Aubigné is ons dus op die kruispad, met die bittere stryd en reaksie wat die tydvak meebring.

Is dit in 'n sekere sin nie ook vaderlandse geskiedenis nie, gesien die regstreekse verband tussen hierdie gebeure en die latere verloop van die geskiedenis in ons eie land? Dit is die oorsprong van ons grootste kultuur-

en geloofserfenis, dit is die fondamente van ons kosbare belydenis, en ons lewens- en wêreldbeskouing kan daarheen teruggevoer word.

Daar kan met reg gepraat word van 'n groeiende belangstelling, in der waarheid 'n herontdekking van hierdie tydperk in Frankryk en meer in besonder van die digter-soldaat Agrippa d'Aubigné. Die grondige navorsingswerk van Jacques Pineaux wat in 1971 onder die titel *La poésie des Protestants de langue Française* verskyn het, is baanbrekerswerk. Dit is in 1975 opgevolg met die proefskrif van Marguerite SOULIÉ aan die universiteit van Montpeillier, wat oor die poësie van Agrippa d'Aubigné handel. Oor die lewensgeskiedenis van D'Aubigné het daar in 1912 en 1913 twee werke van S. Rocheblave verskyn: *Agrippa d'Aubigné* en *La vie d' un Héros.*

## D'AUBIGNÉ SE LEWE EN WERK

Agrippa d'Aubigné, in 1552 gebore, het in 'n streng Protestants-Calvinistiese huis opgegroei. As kind het hy reeds die klassieke tale, Latyn, Grieks en Hebreeus goed bemagtig. Dit is bekend dat hy op sewejarige leeftyd Plato se *Krito* vertaal het. Hy studeer in Parys en later in Genève onder die teologiese professor Théodore de Bèze. Van sy sestiende jaar af skryf hy gedigte. Hy beleef in sy jeug reeds die afgryslikhede van die burgeroorlog en die werklikhede van die geloofstryd, veral na die sameswering van Amboise in 1560. Voor sy vader lê hy 'n eed af dat hy die moord op die Protestante sal wreek, en verlaat as kind reeds die huis van sy private goewernant om by die leër van die Hugenote aan te sluit. Voortaan sou hy tot met sy laaste asem vir sy geloof veg, met die pen en die swaard in die hand. Tydens die menseslagting van die Bartolomeusnag is hy nie in Parys nie, maar kort daarna oorleef hy 'n aanslag op sy lewe. As hy van sy wonder herstel, sien hy in 'n koorsdroom 'n nagtelike visioen waaruit die idee vir sy *Tragiques* (tragedies) sou ontstaan.

Alle hoop vir die Protestantse saak word vanaf 1573 op prins Hendrik van Navarre (later Hendrik die Vierde) geplaas, en D'Aubigné bring etlike jare aan die hof van prins Hendrik deur. Vanaf 1576 vlam die gewapende stryd weer op, en d'Aubigné word met die slag van Casteljaloux ernstig gewond. As hy letterlik die dood in die oë staar, kom die visioen van enkele jare tevore weer by hom op, sodat hy byna ylend uit sy siekbed die eerste hooflyne van sy *Tragiques* dikteer. Hierdie epos of heldedig sou nou geleidelik vorm aanneem maar eers veertig jaar later verskyn. Intussen keer hy terug na die slagveld, totdat Hendrik van Navarre in 1594 die Franse troon bestyg en 'n einde aan die geloofsvervolging maak. Maar as Hendrik van Navarre die

Protestantse geloof afsweer, trek D'Aubigné hom verbitter in die platteland terug. Met die hervatting van die geloofsoorloë onder Lodewyk XIII keer D'Aubigné as 'n ou man na die slagveld terug maar moet later na Genève vlug, waar hy in 1630 op 78-jarige leeftyd sterf.

As vegter en digter verteenwoordig D'Aubigné die gees van sy tyd. Die groot geskiedskrywer Sainte-Beuve sê van hom: "Vandag is hy vir ons een van die mees verteenwoordigende figure van daardie ras van destyds". Die Katolieke skrywers teken hom graag as 'n fanatikus. Trouens, een van die skeldname (naas Hugenote), vir die Calvinistiese Protestante van die 16de eeu was juis "les fanatiques de la foi", die geloofsfanatici. Daarom beweer hulle dat mens by hom geen onpartydigheid en verdraagsaamheid kan kry nie. Hy was immers van sy prille jeug af met hart en siel betrokke by die wreedste stryd denkbaar — hoe kan mens van hom 'n gesonde oordeel verwag? Daarby moet ons nie vergeet nie dat dieselfde Katolieke skrywers 'n wreedaard soos Monluc, wat die Protestante ongenadiglik en verraderlik uitgemoor het, nie as 'n religieuse fanatikus voorhou nie maar as 'n vegter teen rebelle en opstandelinge. Die literêre kritici, Lagarde en Michard (1963, p. 175) kan egter nie anders nie as om ten opsigte van D'Aubigné uit te roep: "Mais quelle vie chez lui, quelle vie généreuse et ardente!" ("Maar sowat van drif en warme lewe! Altyd op die voorpunt offer hy sy bloed, sy welsprekendheid, sy talent, alles vir die saak van sy broers en sy God.") Met die pen in die hand is hy ongenadig en vurig, op die slagveld 'n groothartige vegter wat genade kan bewys.

Agrippa d'Aubigné het as geskiedskrywer, as liriese digter, as satirikus en eposdigter 'n uiteenlopende oeuvre nagelaat. Hy is die skrywer van 'n menigte pamflette ter verdediging van die Protestantse saak, van meditasies oor die psalms, van mémories, van die *Histoire universelle* maar veral van die *Tragiques* (tragedies), 'n grootse epos in sewe boeke, wat 'n digterlike weergawe van die gebeure van sy tyd is.

Die inhoud van die *Tragiques* kan soos volg saamgevat word: Oor die skandaal van die burgerstryd skree die digter letterlik sy afkeur uit. Wie is die verantwoordelikes? Dit is die konings in hulle korrupsie, die howelinge (courtisans) met hulle leuentaal en verdraaiings, die regters in hulle onregverdige oordele. Dan volg die lang portretgalery van die Protestantse martelaarhelde, die bloed en doodslag van die geloofsoorloë. Maar God se vergelding sal aanbreek, en die skuldiges sal boet. Vanaf Kain is daar baie voorbeelde van God se geregtigheid wat seëvier. Reeds nou word die laksmanne van die Hugenote gestraf! Hierdie verdiende straf is nou reeds

die teken van die laaste oordeel, wat gou sal kom. Hierop volg die mistieke tafercle van die einde van hierdie wêreld, die weeropstanding van die vlees, die laaste oordeel, wat vir die vervloektes smart en pyn sonder einde sal bring maar wat vir die regverdiges die ewige geluksaligheid in die hemelse paleise beteken.

## ALGEMENE TENDENSE VAN BYBELSE TEMAS

Omdat die vrye lees van die Bybel vanaf die eerste geloofsmartelare in die stryd van die Hervormers voorop gestaan het, het die Bybel ook die vaandelteken geword wat die strydendes gegroepeer het en die stryd geheilig het. Episodes in die geskiedenis van Israel, die verlossing uit Egipteland, die trek deur die woestyn, die inname van die beloofde land, het die hooflyne geword in 'n ware Hervormingsepos, waarvan die opeenvolgende geloofsoorloë en die hergroepering na die St. Bartolomeusnag die historiese basis vorm. Agrippa kon nie die lotgevalle van sy geloofsgenote beleef sonder om bewus te wees van die deurlopende ooreenkomste tussen die werklike gebeure en die beproewings en verlossings van Israel nie. Het hy dan nie self gesê dat hy die Bybel prakties uit sy hoof ken nie, dat hy die Ou Testament gemaklik in die Hebreeus gelees het nie? Die Bybelse geskiedenis speel dus 'n beslissende rol in hierdie epiese visie. Dit vorm 'n ideologiese eenheid vir geloofsgenote wat 'n lang tyd deur beproewings en ook uiteenlopende belange verdeel is. Na die St. Bartolomeusnag het hierdie profetiese gesig op die geskiedenis met die Bybel as grondslag in die verspreide kerke 'n eenheidsfaktor geword asook 'n weerstandsfaktor teen die Katolieke oorheersing.

Omdat die Bybel daagliks tuis en op die slagveld gelees, oordink en uitgelê is, kon sekere Bybelse temas aangepas word by en toegepas word op die lewe en omstandighede van daardie tyd. Dit wil sê sekere gebeurtenisse wat met soortgelyke episodes in die Bybel ooreenkomste toon, kon sekere Bybelse temas vorm in 'n verskeidenheid geskrifte, van pamflette tot belydenisskrifte. Verre van 'n formele nabootsing van die Bybel dra dit Bybelse elemente oor op die eietydse gebeurtenisse. Marguerite Soulié (1975, p. 3) wys daarom tereg op twee soorte navolgings van die Heilige Skrif by Agrippa d'Aubigné: eerstens 'n oorname van temas in 'n moderne vorm, toegepas op die huidige werklikheid, en tweedens teksaanhalings in 'n doelbewuste gehebraïseerde Frans en waaraan d'Aubigné en sy tydgenote 'n half magiese krag, soos 'n orakelspraak, toeken.

Soos reeds gesê het hierdie epiese temas wat in talryke geskrifte, veral in die Ou Testament ontleen is, meer polemies as literêr van aard voorgekom. Dit het nie alleen onderrig- en opskerpingswaarde gehad nie, dit is ook as historiese gebeurtenisse behandel wat nou en eietyds beleef word, dit wil sê wat teenwoordig is in die geskiedenis wat besig is om af te speel en onmiddellik sy toepassingswaarde het.

Daar is dus die sterk neiging om díe geskiedenis van Israel te aktualiseer. Die Hervorming bevestig duidelik dat daar slegs een kerk is. Na verskeie eeue van dwaling verbind die gereformeerde teologie hom weer met die leer van die eerste Kerk en daardeur met die uitverkore volk van God, wie se lewe so duidelik van die goddelike genade getuig. Dit het egter vir die Calviniste nie gegaan om 'n terugkeer na die ou wet of 'n navolging van die episodes van die Ou Testament nie, omdat die lewe self 'n afskaduwing bly van die werklikheid wat sou kom.

Wat was die oorsprong van hierdie gebeurtenisse wat die Hugenotevolk met die volk Israel vereenselwig het? Wat het die Hugenote as 't ware laat stap op die voetspore van die stamme van Israel met die uittog uit Egipte? Waarom het hulle in hulle leiers 'n Moses, 'n Josua en 'n Gideon gesien, terwyl hulle in hulle stryd die nabyheid van die "God van die leërmagte" ervaar het? Dit is die vraag wat aan die *Tragiques* van d'Aubigné ten grondslag lê. Ons dink daarom onwillekeurig aan daardie eerste oproep van Luther in 1520, as hy laat hoor: "Neem weg my volk uit Babilon!" Verder, as die aanvalle op die leer en praktyke van Rome heftiger word, dan word die vergelykings met die stryd van Israel teen die Kanaänitiese afgodedienaars al duideliker gehoor.

Die gebeure self getuig dus van die vorming van 'n epiese gees wat 'n noue verband toon met 'n militêre en politieke mobilisering tot die bewuswording van 'n afsonderlike volk.

Die slagting van Wassy (1562) lei tot die eerste gewapende stryd. Die beeld van die klein kudde wat deur gewapende soldate bedreig word, word gevind in alle stempels op pamflette wat dwarsdeur Europa versprei word. Dit is die kudde van God wat deur verskeurende wolwe omring word. Dit is die regverdiging vir die "Heilige stryd van God", waar die Here se teenwoordigheid soos 'n wolkkolom voor die strydendes uittrek. Net soos Israel hoop op verlossing nadat 'n Godgestuurde leier die volk van God in die beloofde land van vrede sou inlei, so hoop die Hugenotevolk ook om na oorwinning deur stryd en oortuigingswerk die Franse koning tot die ware geloof bekeer

te sien, waarna die vrede sou aanbreek. Daarom kry die konings op wie hierdie hoop gestel is, soos Hendrik IV, die name van Josua, Josias of Esegiël. By die dood van 'n Katolieke leier en aanhitser teen die gereformeerdes sê die digter De Méré*: "Laat ons soos die volk van God psalms en lofsange sing tot eer van God ons Here: Ons Here, geloofd sy U wat vandag die vyand van u volk vernietig het".

Ooreenkomste tussen Israel en die Hugenotevolk kan tot na die verbond met Abraham teruggevoer word: "Ek sal van jou 'n groot nasie maak" en "al die volke van die aarde sal in jou geseënd wees" (Gen. 15 en 22). Maar daar is ook die beeld van die volk van God, van die kerk gefundeer op die Nuwe Verbond, die Woord wat in Christus vlees geword het. Die gereformeerde prediking het van die begin af klem gelê op dié volk wat deur die geloof op die belofte van genade antwoord. Daardeur identifiseer hulle hulle met die volk wat uitverkies is om die heilsboodskap te bring. Soos Israel dus draer van Christus was, so is die gelowiges van die Hervorming boodskappers en draers van die suiwere evangelie, van die boodskap van heil vir hulle tyd. Hulle open vir tydgenote die geslote Skrifte, die enigste weg om tot Christus te kom. Soos Israel is die gereformeerdes 'n volk wat tussen afgodedienaars lewe. Ons weet watter belangrike plek die "afgodediens" in die polemiek teen die Roomse Kerk ingeneem het. Maar hierdie volk word gestraf as hy sy eie eer soek en tog tydens beproewings wonderbaarlik behou en gered.

Samevattend kan ons sê dat die belangrikste temas in die religieuse geskrifte die temas is van die eksodus, die omswerwinge in die woestyn, die heilige oorlog, die stryd van Debora en Barak, die wonderoorwinnings van die rigters, Gideon en sy bende van 300, die nederlaag van die Midianiete. Verdere temas lê klem op die uitverkiesende genade, ook op die sondvloed, Sodom en Gomorra, Dawid en Goliat, die rol van Moses, maar veral die stryd van Josua wat die volk die beloofde land binnelei. Na die St. Bartolomeusnag kry die Hugenote uit die boek Job die krag om 'n wanhoopstryd nog voort te sit. Hulle volhard ter wille van die triomf van die waarheid, terwyl hulle ook uitsien na die laaste oordeel, waar reg en onreg openbaar sal word en waar die maskers finaal sal val. Die Openbaring gee aan hulle die groot epiese visie van die oorwinning van die leërs van die regverdiges te midde van die aanskoue van God se heerlikheid. In die lyding

* M. Soulié, p. 10, haal aan uit *Mémoires de Condé IV*, pp. 56, 74 en 472 (lettre de J. P. Spifame à la Royne mère du Roy).

en in die geloof van Job verskyn ook die eskatalogiese verwagtinge: "Ek weet", sê Job, "my Redder lewe".

## BYBELSE TEMAS BY AGRIPPA D'AUBIGNÉ

Dit sou nie moontlik wees om in die bestek van hierdie bydrae al die Bybelse temas waarvan Agrippa d'Aubigné gebruik maak, op te noem nie. Ons kan alleen volstaan met die belangrikste temas uit die eerste twee boeke van sy epos met sterk satiriese inslag, *Les tragiques*.

Voordat die skrywer die ellendes *(Les misères)* van die verskeurde Frankryk teken en hewig teen die skuldiges te velde trek om die Goddelike vergelding aan te kondig, stel hy dit eers dat hy 'n profetiese roeping het. Deur middel van vergelykings en Bybelse temas stel hy homself voor as die nuwe strydende profeet, deur God geroep om sy gevange volk te verlos, soos 'n nuwe Moses. Aan die begin van boek II bevestig hy weer eens sy roeping, asook die besef van die onmoontlikheid van hierdie taak wat aan hom in 'n visioen opgedra is. Ons het hier dus 'n bewuste nabootsing van die profete van die Ou Testament. In die eerste plek, hoewel nêrens by name genoem nie, dui alle verwysings daarop dat D'Aubigné Moses, die leier uit Egipteland, as model kies. Dit is 'n grootse ambisie, maar hierdie keuse onderstreep ook die nou verband tussen profetiese woord en aksie, die poësie en die aktiewe stryd. Ons het reeds gesien hoe die Hugenote hulle met Israel geïdentifiseer het en hoe die woestynreis met sy beproewinge die weerstand by die Hugenote versterk het, om sodoende 'n konkrete inhoud aan hulle geloof te gee. Die analogie word dus deurgevoer tot by Moses, middelaar tussen God en die volk in die sluiting van die verbond. Hoewel die verbond deur afvallige konings verbreek is, sluit God weer opnuut uit genade sy verbond.

Twee ander profetefigure kan ook in die *Tragiques* herken word. Dit is eerstens Jesaja, wat met sy roeping as profeet voor God se aangesig bewe omdat hy onrein van lippe is. D'Aubigné se woorde in die *Misères*, v 47 en 48 lui: "repurge aussi de mesmes feux Le vice naturel de mon coeur vicieuz" ("Reinig ook met hierdie vuur die ingebore kwaad van my sondige hart"). Dit stem ooreen met Jesaja 6 v. 5-7.

Sterker nog is die identifisering met Jeremia, wat van moederskant af voorbestem is om 'n strydende profeet te wees, wat brand met die vuur van Goddelike inspirasie maar wat gespot en gehoon word, 'n verraaier in die oë van die politieke leiers, maar wat net sy vertroue op die Woord van God stel

— vergelyk Jeremia 20 v. 9: Net soos Jeremia eers van hierdie roeping wegvlug, so het d'Aubigné ook eers lank versuim om te praat, totdat hy soos in Jeremia 1 v. 6 verhaal, tot sy roeping teruggedwing word (vergelyk *Tragiques*, Princes 27 en 35). Voorts, soos Jeremia in hoofstuk 23 die valse profete aanval: "hulle wat leuens spreek en die volk verlei", so val Agrippa d'Aubigné ook in die derde, vyfde en sesde boek die valse profete aan, hulle wat "hulle na die wind rig" en "wat van wind lewe" omdat hulle weier om daardie doringlas wat "waarheid" genoem word te dra. Deurgaans in sy werk herhaal D'Aubigné trouens dat hy deur God gedryf word, aangevuur en ook gereinig deur die *ruah* (die asem) van God.

Die tema van die "vérité" (die "waarheid"), wat in die *Tragiques* voorkom, bring ons ook terug by die Bybelse tekste. Hierdie "waarheid" doen hom voor nie as 'n abstrakte denkbeeld nie maar as 'n lewende wese, 'n sigbare simbool. "Laat my getrou wees aan u waarheid" *(Misères* 8) is die gebed van die digterprofeet wat bid dat sy eie wil nie sal geskied nie maar dat hy volkome mag breek met die ou mens om in gemeenskap met God te leef en sodoende in alle waarheid die "organe de la Céleste Voix" te word *(Misères*, v. 52). Die woord "vérité" kom herhaaldelik voor in die eerste boeke, soos in *Princes*, v. 21-26).

> "... en hoe moes ek nie keer op keer die waarheid weg van die duisternis weer, sodat sy lig dan op almal neer kan skyn..."

Hierdie beeld bevat elemente van verskeie Bybeltekste, soos Matt. 5 v. 14-15: "Julle is die lig van die wêreld...".

Soulié wys daarop dat daar 'n verskil is tussen die opvatting van die profesie by Luther en Calvyn en die aanmatiging as profeet wat ons by D'Aubigné teëkom. Die Hervormers laat die profetiese tyd by die Messiaanse verwagting eindig, en so gebeur dit dat Johannes die Doper dus die laaste profeet was. Voortaan sou profesie dus die interpretasie van die Woord beteken. Dit is duidelik dat D'Aubigné hom nie by hierdie rol van vertolker van die Skrifte hou nie; deur sy digterlike verbeeldingskrag, sy volgehoue gebed in sy werke en veral deur die bewussyn van 'n besondere roeping gaan hy verder: hy bring weer 'n boodskap, soos die profete, en hy proklameer weer die waarheid en geregtigheid. Soms bring hy in die Hebreeuse styl van die profete 'n voorspelling oor dinge wat sou volg. Soulié beskou dit as 'n nabootsing. Dit is geen teatrale of poëtiese spel of blote navolging nie, omdat dit so persoonlik as 'n dwingende roeping deurleef word. Die buitengewoon tragiese toestande regverdig vir die digter hierdie buitengewone roeping: met sy tydgenote glo hy dat hulle die laaste dae van hierdie wêreld beleef.

Die vervolging wat die Protestante uitwis en die gemeentes verstrooi, word as die laaste aanslag van die dier of die Antichris ervaar. Die generasie van D'Aubigné beleef dus die profesie van Joël betreffende die "Jour de l'Éternel", die Dag van die Here. So sê D'Aubigné in *Vengeances*, v. 15-16!

> "Comme tu as promis, donne en ces derniers ans Songes à nos vieillards, visions aux enfans".

"Gee na u belofte in hierdie laaste dae aan ons bejaardes drome, aan ons kinders gesigte..." (vergelyk Joël 2, v. 28 en 29).

Die *Tragiques* van D'Aubigné hoort in 'n sekere sin tot 'n ander tydperk as dié waarin dit geskryf is. Sy oordeel en satire spreek van geen hoop op die mens nie; dit bring nie soos die humanisme 'n volmaakte sintese tussen die Bybel en die Grieks-Latynse oudheid nie. Dit bring wel ook 'n boodskap van genade maar in dié sin dat die gelowige in stryd leef en voortdurend maar net op die Genade wag: "My siel wag op die Here meer as wagters op die môre" (Ps. 130). Wat sou inderdaad gebeur het as die koninklike gesag sy steun aan die Hugenote gegee het? As die Franse kultuur hom dus met die Bybel gevoed het? Dan sou Agrippa D'Aubigné in die eeue wat gevolg het, as 'n groot voorvader erken kon word. Maar hy was nie bestem vir 'n tyd van vrede, waar die mens se vertroue op homself gebou is en waar die mens sy eie maatstaf geword het nie. D'Aubigné verenig die kreet van opstand met 'n boodskap van liefde en genade, soos die lig wat ná digte duisternisse deurskemer.

**BIBLIOGRAFIE**

PINEAUX, J. 1971. La poésie des protestants de langue française. Parys : Klincksieck.
SOULIÉ, M. 1975. L'inspiration biblique dans la poésie religieuse d'Agrippa d'Aubigné. Paris : Klincksieck.
ROCHEBLAVE, S. 1912. Agrippa d'Aubigné. Parys : Hachette.
ROCHEBLAVE, S. 1913. La vie d'un héros. Parys : Hachette.
LAGARDE & MICHARD. 1963. XVIe Siècle. Parys : Bordas.